Mistieke Geestelike Oorlogsvoering

Nick Maartens

Inleiding

Omdat sommige van die metodes wat in mistieke geestelike oorlogvoering toegepas word, nêrens in die Bybel gevind kan word nie, beweer van die moderne "apostels" en "profete" wat dit propageer dat hulle direkte openbaring van God ontvang het. So, byvoorbeeld, skryf Peter Wagner, een van die hoof "apostels" van NAR (New Apostolic Reformation) die volgende: "*The rhema is regarded as a more immediate word from God which we do not find in the 66 books of the Bible*" (Engaging the Enemy, by C. Peter Wagner. (Ventura, CA: Regal Books, 1991, pp.15-16). Paulus se waarskuwing "*om nie te dink bo wat geskrywe is nie*" word heeltemal geïgnoreer (1Kor.4:6). Dit lyk ook of wat in 2 Tim.3:16-17 geskrywe staan by hulle geen gewig dra nie:

> *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees,* ***vir elke goeie werk volkome toegerus****"* (My beklemtoning).

Wat is Mistieke Geestelike Oorlogsvoering?

Deur intersessie en navorsing word die vestings van beherende territoriale demone wat invloed oor 'n gebied uitoefen, geïdentifiseer en gekarteer. Deur verenigde gebed word hierdie geeste dan gebind en uitgewerp sodat die streek, stad of dorp dan vir Jesus gewen kan word. Daar word ook geglo dat daar meer geestelike krag uitgeoefen kan word as denominasies in groot byeenkomste bymekaar kom en 'n verenigde front aan die bose magte vertoon. Die geestelike oorwinning, wat hulle glo so verkry is, word dan ook soms met 'n "Jesus mars" gedemonstreer.
Die toewyding en erns van diegene wat hierin betrokke is, kan nie bevraagteken word nie. Hulle entoesiasme en ywer is 'n voorbeeld vir ons almal. Maar is dit Bybels? Is dit effektief en word daar regtig geestelike krag uitgeoefen?
As daar gekyk word na die een of twee skrifte wat ter stawing van hierdie tipe geestelike oorlogvoering gebruik word, sal daar gesien word dat dit op gebrekkige skrifuitleg rus. Die enigste plek in die Nuwe Testament waar daar na vestings en skanse verwys word, gaan die bespreking oor die stryd wat Paulus het om leuens en verkeerde idees in die koppe van mense te weerlê (2 Kor.10:4).

Wat is 'n "vesting?"

As ons die terme "vestings" en "skanse" wil gebruik moet ons seker maak dat ons dit in dieselfde konteks as die Skrif doen. Voorstanders van die geestelike karterings beweging beskryf 'n vesting as 'n skans wat bose geeste oor 'n sekere gebied vestig, vanwaar hulle dan

hul invloed uitoefen. Hulle doen dit ook deur in sekere voorwerpe of geboue in te trek. Hierdie demone wat 'n sekere gebied terroriseer, word by naam geïdentifiseer en opgeteken. So hoor ons byvoorbeeld van die gees van wellus, alkolisme, gierigheid, woede en van die gees van materialisme. Ons stem saam dat waar bose geeste die vryheid gegee word, mense gedemoniseer kan word, maar dit is deslis nie die onderwerp wat in die konteks van 2 Kor.10:4 bespreek word nie.

Wat bedoel Paulus met "vestings" en "skanse" (2 Kor.10:4)

Ons moet toelaat dat Skrif Skrif verduidelik. "Vestings" kan nie na demone verwys nie, omdat daar in die tweede brief aan die Korinthiërs nêrens van hulle melding gemaak word nie. Paulus maak dit duidelik dat die vestings "planne" en "gedagtes" in die koppe van mense is wat verhoed dat hulle tot die Waarheid kom:

> *"…want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne (logismos)verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte(noema) gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus"* (2 Kor.10:4-5).

Zodhiates, vertaal *logismos* as *"reasoning", " imagination"* en *"thoughts" . "Noema"* vertaal hy as "*perception", "the intellect", " mind", " thought"* (*Greek Dictionary of the New Testament*). Die Amplified Bible gee 'n baie goeie vertaling:

> "*…we refute arguments and theories and reasonings…we lead every thought and purpose away captive into obedience of Christ…"*

Wanneer mense onwaarhede en verkeerde leringe glo, laat hulle toe dat daar vestings van valse inligting in hulle koppe gevorm word. Wat Paulus hier sê, is dat hy in 'n stryd gewikkel is om hierdie verkeerde idees te weerlê.

Watter wapen gebruik Paulus om hierdie verkeerde idees in koppe te vernietig?

Paulus gebruik *"die swaard van die Gees – dit is die Woord van God"* (Ef.6:17). Deur die waarheid van God se Woord te verkondig verbreek hy verkeerde denkpatrone wat ontstaan het as gevolg van die aanhoor van onbybelse filosofieë , argumente en teorieë. Die helm (Ef.6:17)beskerm die kop en simboliseer die denke wat deur die invloed van God se Woord verander is. Sommige is van mening dat die denke van die mens, omdat dit in 'n gevalle toestand verkeer, glad nie in aanmerking geneem moet word wanneer dit by geestelike dinge kom nie. Die Nuwe Testamentiese apostels het anders gedink. Hulle verkondiging van die evangelie was didakties van aard, soos die volgende woorde wat in Handelinge gebruik word illustreer: *didasko* (om te leer deur oortuiging, Hand.19:9), *sunécheon* (om te oorbluf

of te oortuig, Hand.9:22), *dialegomai* (om te redeneer, te argumenteer, Hand.17:2), *diakatelégchomai* (om in argumentering te weerlê, Hand.18:28), *peitho* (om te oorreed en te oortuig, Hand.19:9). Ons lees dat as gevolg van hierdie didaktiese tipe prediking is mense deur die apostels oortuig om te glo (Hand.17:4, 18:4, 19:8, 19:26, 28:23, 28:24). Deur die verkondiging van Goddelike waarheid het hulle dit ten doel om die vestings van ongeloof en wanbegrip in die denke van hulle hoorders af te breek. Hierdie manier van geestelike oorlogsvoering word bevestig deur wat Paulus in Efese gedoen het. In plaas daarvan om mistieke metodes te volg, het hy elke dag vir twee jaar, die Woord van die Here in die saal van Tiranus verkondig (Hand.19:9-10). In die Amplified Bible word gesê dat hy dit elke dag vanaf tienuur tot drie-uur gedoen het. Ongeveer vyf uur se Woordverkondiging per dag! 'n Verdere bewys dat hulle prediking baie intellektuele inhoud bevat het, is die feit dat daar dikwels na bekering verwys word as 'n aanvaarding van waarheid.

> *"Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring" (*2 Tim.2:25), "*Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het*..." (1 Pet.1:22), "*...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak"* (Joh. 8:32).

Die onkunde aangaande die rol wat begrip van Bybelse waarheid in geestelike groei speel, word geïllustreer deur die woorde van 'n man wat wêreldwyd duisende toespreek. Om die snaakse manewales (onbeheerste gelaggery en geskreeuery, dieregeluide, omvallery en gerukkery) wat in sy dienste plaasvind te verdedig, verklaar hy: "God is offending our minds so that He can reach our hearts." Dit is moeilik om te verstaan hoe mense aangemoedig kan word om hulle denke opsy te skuif sodat hulle "in die gees" dronk kan word om "meer van God te ervaar." Petrus se waarskuwing om verstandelik nugter en wakker te wees, moet vandag, as gevolg van soveel dwaling in die kerk, meer as ooit ernstig opgeneem word (1Petrus 1:13).

Nuwe Testamentiese lering

Die Bybel leer ons dat ons wel in 'n stryd met demoniese magte gewikkel is (Ef.6:12). Bose geeste het die vermoë om die gedagtes van mense te beïnvloed. So byvoorbeeld, net nadat Petrus verklaar dat hy nie sal toelaat dat Jesus gedood word nie, sê Jesus aan hom: *"Gaan weg agter My, Satan!"* (Matt.16:23). Jesus konfronteer Petrus, maar Hy praat met die duiwel. Op daardie spesifieke oomblik moes die duiwel dit op een of ander manier reggekry het om Petrus se gedagtewêreld te beïnvloed. Dieselfde het met Judas op 'n baie ernstiger manier gebeur. Eva is die klassieke voorbeeld. Volgens wat ons in die Skrif lees, sien ons dat dit die doel van bose magte is om mense te mislei.

Aangesien die intellek die plek is waar kennis opgegaar word, is dit die plek waar die vyand sy misleidende gedagtes, filosofieë en argumente wil vestig. Volgens die Bybel kry hulle dit ook reg en verblind hulle die sinne van mense sodat hulle die waarheid van die evangelie nie kan raak sien nie (2 Kor.4:4). Die stryd bestaan daarin dat deur gebed,lering en prediking, verkeerde gedagte patrone in die koppe van mense, afgebreek moet word.

Dan. 10

As daar goed na hierdie gedeelte gekyk word sal daar gesien word dat dit nie as ’n voorbeeld vir geestelike oorlogsvoering gebruik kan word nie. Die engel wat aan Daniël verskyn het, het geen aanduiding gegee dat die weerstand teen sy koms deur enige menslike handeling afgebreek is nie. Wat Daniël voor gebid het was om die visioen wat hy ontvang het, te verstaan, nie om enige geeste te bind of vestings in die lugruim te vernietig nie. Daniël het ook geen opdrag van die engel ontvang om enige territoriale geeste te bind om te verhoed dat die vors van Griekeland na die verslane vors van Persië sou kom nie. Ook lees ons dat dit nie Daniël was wat met die vorste moes baklei nie, maar die engele. Nêrens word daar ook gesê dat Daniël die vorste moes aanspreek met: “Ek bind jou vors van Persië en werp jou vesting neer” nie. Nêrens staan dit ook in die Nuwe Testament dat voordat die apostels stede soos Efese, Korinthe, Rome en Athene kon binnegaan om die Evangelie te gaan verkondig, hulle eers die sterkman van Artemis, die gees van Diana, of enige ander demoon moes bind nie. Hierdie stede was almal berug vir hul afgodediens.

Om te bind

As daar enige krag in die bind van bose magte was, moes ons hier in Suid-Afrika al in hemelse toestande geleef het deur al die “gebindery” wat deur prominente figure op groot byeenkomste deur die jare gedoen is! Satan en sy kamerade se bose werking sou al lankal uitgeskakel gewees het! Vandag besef ek dat die Woord verklaar dat net God die duiwel kan bind en dat hy toegelaat word om die god van hierdie wêreld te wees totdat hy eendag deur die Hemelse Vader self gebind en in die poel van vuur gewerp gaan word (1 Joh.5:19, Open.20).
Maar sê die Bybel dan nie dat ons demone kan bind nie? Weer sien ons hoe ’n skrif wat verkeerd geïnterprteer word, misleiding kan veroorsaak. Die Amplified Bible help ons om Matt.18:18 reg te verstaan:

> *“Truly, I tell you,whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on earth must be what is already forbidden in heaven, and whatever you permit and declare proper and lawful on earth must already be permitted in heaven”.*

As daar na die konteks van hierdie gedeelte gekyk word, word dit duidelik dat die bespreking niks met die binding van geeste te doen het nie, maar dat dit betrekking het op die manier hoe geskille tussen gelowiges in die gemeente gehanteer moet word.

Wat van die bind van die sterk man in Matt.12:22-29?

Hierdie stuk gaan oor die Fariseërs wat Jesus daarvan beskuldig dat Hy duiwels uitdryf deur van die krag van die duiwel gebruik te maak. Weereens sien ons dat die antwoord in die konteks lê; omdat Jesus sterker is as Beëlsebul, kan Hy die "sterk man" se huis binnegaan en dié wat onder sy mag is, vrylaat. Die hele stuk bevat geen lering oor hoe gelowiges demone moet bind nie! Dit gaan alles oor Jesus en die mag wat Hy oor Satan het.

Belydenis van ander se sonde van die verlede? (Identificational Repentance)

Baie Christene glo dat deur die sonde van ander wat in die verlede gepleeg is, te bely, sekere geestelike vestings van die bose afgebreek kan word. Hulle glo ook dat vyandige partye so weer verenig kan word. So byvoorbeeld onderneem 'n sekere internasionale jeugorganisasie 'n optog na Jerusalem om die sondes van die kruisvaarders van eeue gelede te gaan bely en om die Moslems om verskoning te gaan vra vir wat aan hulle gedoen is. Daar is baie by hierdie rekonsiliasie beweging betrokke omdat dit vir hulle reg klink en omdat dit hulle goed laat voel. Wat hulle nie besef nie is dat die Bybel verklaar dat niemand namens 'n ander persoon sonde kan bely nie:

> *"Die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees"*
> (Eseg.18:20).

Vergifnis en restitusie is 'n persoonlike saak tussen individue, dit kan nie op stede, dorpe of gemeenskappe van toepassing gemaak word nie (2 Kor.2:7).

Wat van die Transformasie Video's van George Otis se Sentinel Groep wat wys hoe gemeenskappe verander het?

Ongelukkig wys die resultate van verskeie ondersoekspanne dat van die verslae oor die transformasie van gemeenskappe soos Cali in Colombo, Kiambo in Kenya, Alomolonga in Guatemala, en Hemet in Kalifornië, oordrewe en in sommige gevalle, vals is. (*Transformation or Deception, Tom Smith, smithtj@geocities.com*)

Nog Terminologie

Omdat hierdie mistieke manier van geestelike oorlogsvoering hoofsaaklik gebaseer is op Engelse boeke wat van oorsee afkom, bestaan sommige van die terme wat gebruik word nie eers in Afrikaans nie. Hier volg sommige van die "buzzwords" wat in hierdie beweging gehoor sal word: "community transformation", " high places" (hoë plekke)," prayer walking", " spiritual mapping", "victory marches", "unity meetings", ens….

Slotsom

Een van die gevare van hierdie beweging is dat dit die aandag van gelowiges, wat andersins in gesonde Bybelbediening betrokke kon gewees het, aflei. Die kunsmatige gevoel van opgewondenheid as gevolg van subjektiewe geestelike ervaring kan ook veroorsaak dat kontak met die realiteite van ’n sondige wêreld verloor word en dat ontnugtering kan intree wanneer die onrealistiese verwagtinge wat deur hierdie tipe teologie geskep word, nie bewaarheid word nie.
Hierdie moderne manier van geestelike oorlogvoering plaas meer klem op bose magte se invloed as op die oorwinning van Christus op die kruis (Kol. 2:15). Wat boosheid in die gemeenskap betref, in plaas daarvan dat die wortel van die probleem, naamlik die sonde van die individu en die sondige natuur van die mens, beklemtoon word, verskuif die blaam nou na demoniese magte. Met die aandag wat organisasie, beplanning en strategie kry, lyk dit ook asof die gebruik van die regte metodes nou die weg tot saligheid is. Die Skrif stel dit baie duidelik; die sondige natuur van die mens is Satan se grootste bondgenoot in die veroorsaking van probleme, en dít is die ding wat aan die voet van die kruis moet sterf – en dit moet gebeur deur opregte sondebelydenis en geestelike wedergeboorte.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
Tel. 0827826074
Webtuiste: www.nickmaartens.co.za
E-pos: nickmaartens@hotmail.com